Die Spaanse Inkwisisie

WAT ELKE CHRISTEN BEHOORT TE WEET

—deur dr. Peter Hammond

Een van die beskuldigings wat gereeld na Christene se kant toe gegooi word, is dat Christene verantwoordelik vir 'Die Inkwisisie' is en dat ons godsdiens, op grond van hierdie historiese gebeurtenis, bloeddorstig en onverdraagsaam is.

Christene is dikwels, terwyl hulle probeer om liefde teenoor hulle naaste te betoon en die Evangelie te deel, aan die ontvangkant van 'n tirade teen 'Die Kerk' en 'Die Inkwisisie'. En dit word so dikwels as 'n stok gebruik waarmee gepoog word om Christene te vermorsel.

Dit gebeur ook baie dikwels dat, wanneer jy in 'n gesprek oor die Evangelie betrokke raak, jy daarvan beskuldig word dat jy aan 'n geloofsgroep behoort wat vir 'Die Inkwisisie' en die 'verbranding van duisende hekse' verantwoordelik was!

Die Anti-Christen-agenda

Die probleem met hierdie aanname is natuurlik dat dit totaal van alle waarheid ontbloot is en slegs op hoorsê gegrond is. Die meeste mense is nie bekend met die betrokke geskiedenis nie, nl. dat die meerderheid mense wat tydens die Spaanse Inkwisisie op brandstapels gesterf het, nie hekse was nie, maar wel Protestantse gelowiges!

Indien die hofverslae van die regters nagegaan word, is dit baie duidelik dat hulle onder geen omstandighede Christene was nie. Hulle het alle Christene wat in die Bybel geglo, dit vertaal of Bybelonderrig gegee het, met wraak tot die dood veroordeel. Die slagoffer se Bybel is dikwels ook met smaad in die vuur gegooi om saam met die martelaar te verbrand. Enigeen wat die boek 'Book of Martyrs' deur Fox, of soortgelyke boeke oor die wreedaardige vervolging van die Hugenote en ander Protestantse Hervormers gelees het, sal weet dat die Inkwisisie anti-Christelik was. Die Inkwisisie het tydens 'n tyd van totale en blatante korrupsie, toe priesterskap, die posisie as biskop en selfs die amp van pous, gekoop en verkoop is, plaasgevind. Daar was baie ongoddelike mense wat tydens die Middeleeue die leierskap van die Rooms-Katolieke Kerk beklee het. Die Inkwisisie was 'n anti-Christelike vervolging van Protestantse gelowiges.

Wanneer iemand die hele kwessie van die bose in die Naam van God ter sprake bring, behoort ons eerstens vas te stel of dié mense werklik Christene is of nie.

Die Judas-faktor

Die Kerk was nog nooit perfek nie. Selfs onder die twaalf apostels was daar 'n Judas Iskariot wat Christus verraai het. En tog sou dit mos nie regverdig wees om Judas as verteenwoordigend van die apostels te sien nie! Die Kerk se algehele rekord behoort ondersoek te word, en dan oorskadu die goeie die slegte verreweg. Die belangrikste is: die Christelike geloof is in Christus gebaseer, nie in Christene nie!

Wanneer iemand die hele kwessie van die bose in die Naam van God ter sprake bring, behoort ons eerstens vas te stel of die mense werklik Christene is of nie. Ons Here Jesus Christus het dit baie duidelik gemaak: *"Nie almal wat ewe vroom vir My 'Here, Here' sê, sal in God se Koninkryk ingaan nie. Wat die deurslag sal gee, is of hulle aan my hemelse Vader gehoorsaam was. Baie sal vir My op die Oordeelsdag sê: 'Here, Here, ons het dan in U Naam gepreek en in U Naam duiwels uitgedryf en in U Naam baie wonders verrig! Dan sal Ek hulle antwoord: 'Julle was nog nooit werklik mý mense nie. Gaan weg van My af! Julle het nie gedoen wat voor God reg is nie."* Matt 7:21-23.

Jesus het dit baie duidelik gemaak dat sommige werklik deel van Sy Kerk is – die uitverkorenes is diegene wat werklik deur Sy Heilige Gees vernuwe is. Dit is egter ook so dat nie almal wat deel van die groter, sigbare kerk is, lede van die onsigbare Kerk van Jesus Christus is nie. Die Here het

Die Spaanse Inkwisisie

gewaarsku dat daar onkruid tussen die koring, en bokke tussen Sy skape gaan wees. Baie van dié wat sê dat hulle Christene is, is glad nie Christene nie.

Die Historiese feite

Wanneer iemand die Inkwisisie as argument teen die Christendom ter sprake bring, behoort ons te vra of hulle oor die werklike feite oor daardie tydperk in die geskiedenis beskik. Dit is uiters selde dat gewone mense navorsing oor die onderwerp doen. Die Spaanse Inkwisisie het in 1233 n.C. begin. Dit is amper 300 jaar voor die Protestantse Hervorming.

Protestante het absoluut geen deel aan die Inkwisisie gehad nie; behalwe as slagoffers daarvan. Bybel-gelowige Evangeliese Christene was dikwels aan die ontvangkant van die Inkwisisie en is vir hulle oortuigings gemartel en doodgemaak.

Die duisende Waldensiese Christene wat gemartel en op die wreedaardigste maniere denkbaar vermoor is, insluitende die Lollards van Engeland – die veldwerkers van die Hervorming – is genadeloos vervolg. Die Engelse Hervormer, William Tyndale, is in België op die brandstapel verbrand net omdat hy die Bybel in Engels vertaal het. Protestante is as 'heidene' in Spanje, Italië, Frankryk, Engeland en Skotland na die brandstapel gestuur. Hollandse Protestante het egter baie erger vervolging aan die hand van Katolieke gesmaak. Onder koning Phillip II van Spanje is meer as 18 000 Protestante in Nederland doodgemaak. In 'n poging om hulle sover te kry om te erken dat hulle 'heidene' is, is mans en vrouens roekeloos gemartel en uitgemoor.

Enigeen wat Christene vir die Inkwisisie blameer, is onkundig oor die geskiedenis. Dit is 'n absolute verwringing van die werklikheid.

Bybel-gelowiges doodgemaak

Op daardie tydstip was Spanje die magtigste land ter wêreld en Holland is deur Spanje ingeneem. Die Spaanse koning het in 1566 'n proklamasie uitgevaardig waarin alle onderdane geforseer is om die dekrete wat deur die Raad van Trent uitgevaardig is, te aanvaar. Ten einde die bloeiende Protestantse geloof in Holland te vernietig, is die hertog van Alva gestuur en hy het 'n wreedaardige heerskappy, waaronder alle Nederlandse Protestante gely het, gehad. Teen 1568 het die Inkwisisie reeds drie miljoen inwoners van Nederland as 'heidene' veroordeel.

Onder die dapper leierskap van Prins Willem van Oranje, het die Nederlandse Protestante in opstand teen die Spaanse onderdrukking gekom. Prins Willem en sy dapper Nederlandse vryheidsvegters het die inspirasie van Protestante regoor die wêreld, veral in Engeland, geword.

Korrupte amptenare wou die mense se toegang tot die Bybel beperk

Na die Raad van Valencia in 1229 die Bybel op die 'Indeks van Verbode Boeke' geplaas het, het die Pousdom die Waldensiese Christene roekeloos vervolg. Die gevoelloosheid van diegene onder amptenare wat die ondervraging waargeneem het, word duidelik bewys deur die veroordeling van die Bybel-vertaler professor John Wycliffe aan die universiteit van Oxford. Op dieselfde wyse is professor Johan Huss van die universiteit van Praag tot die brandstapel veroordeel vir sy aandeel in die Hervorming. Hervormer en Bybel-vertaler, Johan Rogers, is in Januarie 1555 tot die brandstapel veroordeel. Hierop het Rogers verklaar dat hy dit wat hy op die preekstoel verkondig het, met sy eie bloed sal verseël. Hierop het die amptenaar uitgeskree: "Jy is 'n heiden!"

"Dit sal die Oordeelsdag alleen bewys," het Rogers geantwoord.

Op een dag in 1519 het sewe mans en vrouens in Coventry op die brandstapel gesterf omdat hulle hulle kinders die 'Onse Vader-gebed', die Tien Gebooie en die Apostoliese Geloofsbelydenis op Engels geleer het!

Tydens sy verhoor is Biskop Ridley aangemoedig om sy Protestantse geloof te versaak. Sy reaksie: "My gewete verseker my dat die dogma wat ek glo en aan ander geleer het, Bybels is…en ek is bereid om dit met my bloed te verseël."

Oningeligte beskuldigers blameer die slagoffers

Enigeen wat daarop uit is om Christene vir die Inkwisisie te blameer, is baie beslis onkundig oor die geskiedenis. Dit is baie duidelik dat sommige mense net oor gedeeltes van die inligting beskik en dit dan as wapen teen wedergebore Christene, wat hulle geloof met ander wil deel, probeer gebruik.

Dit is 'n totale verwringing van die werklikheid om die wreedhede en moorde van die Inkwisisie aan die slagoffers daarvan toe te skryf. Maak dus gerus seker dat jy die feite ten opsigte van hierdie historiese gebeurtenis onder die knie het sodat jy die volgende keer wanneer iemand Christene vir hierdie historiese slagting probeer blameer, die werklike feite aan hulle kan oordra.

"Nie almal wat ewe vroom vir My 'Here, Here' sê, sal in God se Koninkryk ingaan nie. Wat die deurslag sal gee, is of hulle aan my hemelse Vader gehoorsaam was." **Matt 7:21**

DR. PETER HAMMOND *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*